

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Johannes 10 vers 9 en 10

Ek is die ingang, as iemand deur My ingaan sal Hy gered word.
Hy sal in- en uitgaan en weiding kry. 'n Dief kom net steel en slag en uitroei;
Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed.

Kortpad Biddag vir Ekologie Deurdankoffer vir Gemeentebediening

- 02 Junie 09h00 Gesamentlike Nagmaal in die kerkgebou Daarna afskeid van Oom Daan in die saal
02 Junie Geen kategeese
02 Junie 18h30 Pinksterdiens in die saal met tema: Vrygewige Gees
03 – 05 Junie 09h00 en 19h30 Pinksterdienste: Leef beGEESTerd Dankoffer vir Bybelgenootskap
10 Junie Bouwerk aan die kerkgebou begin – geen inloer by die kerkgebou nie, asseblief

Nog belangrike datums

Kommunikamma 2 Junie 2019

Saam op pad vir Christus

Pinksterdienste vanaf die 3de tot en met die 5de Junie 2019

Die tema van die week is: Leef beGEESTerd. [Tye en tema van elke dag](#)

Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Kolossense 3 vers 11 (Die Boodskap): "Dit maak nie saak of iemand nog altyd 'n kerkklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe 'n Christen geword het nie. Hy [God] vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die die lewe tel, is net Christus." Die kern van kerkwees en van geloof is dat ons Jesus Christus as Verlosser sal aanneem en in 'n lewende verhouding met Hom sal leef. [In die triomftog van Xtus](#)

Ons deel ons lewens in vakkies in en leef asof die Here in sommige dele van ons lewe is en in ander dele van ons lewens nie is nie. Maar die Here is by ons in die erediens en wanneer ons visvang en wanneer ons braai. Sy kruisgroot liefde verander ons sodat ook ons nie anders kan en wil as om in liefde Hom altyd, oral en in alles te volg nie. [Jesus nooi ons vir 'n braai](#)

Kraggakamma Webbediening is vanjaar [11 jaar oud](#)

Kom raak betrokke by die [Webbediening](#) - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:

- *Terugvoering van jou diensterrein/kleingroep
- *Geestelike 'padkos'
- *Taalversorging
- *Fotogalery
- *Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe
- *Samestelling van kuberKamma
- *Bepanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester

Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

ePos kuberKamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

Sake vir gebed

Ons bid dat almal hierdie pinkster begeesterd sal leef en vir genoeg leiers vir #Imagine Kidz. Die benedegeweld in die Noordelike woongebiede is skrikwekkend. Mag God in Sy groot genade uitkoms en vrede gee. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

FEBA Radio SA

FEBA Radio SA vra voorbidding vir FEBC Thailand Internasionaal [Christene word deur Boeddhistiese ouers gewing om aan godsdienstige rituele deel te neem], FEBC Chinese Bediening [Chinese in Amerika word deur hulle bedien] FEBC Indonesië [Hulle Mission Outreach Expansion program betrek 69 plaaslike radiostasies.] [Gebedsfokus vir Junie 2019](#)

Kraggakamma Kermis 2019

Ons loof die Here vir 'n geseënde kermis. Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die sukses daarvan.

[Kermis 2019](#)

Lofdanse

Ons wil graag met 'n Lofdansgroep begin. Oud en jonk is welkom. Geen opleiding is nodig nie – net 'n passie om die Here [deur middel van dans](#) te loof. Kontak Felicity Kapp 082 576 8305

Kraggakamma se eerste Kersmark word op die 8ste en 9de November 2019 gehou

Aansoeke vir stalletjies, waar kuns en handgemaakte produkte uitgestal en verkoop kan word, sluit die 20ste September. Al die stalletjies moet volgens 'n Kerstema versier word. Slegs [goedgekeurde produkte](#) mag verkoop word. Die [Kersmark aansoekvorm](#) en die [Christmas Market application form](#) is nou beskikbaar.

Padlans So, waar is jou God dan nou?

God het nie robotte gemaak nie. Hy het mense gemaak - mense met vryheid van keuse. Nie een van ons is willose slagoffers van bose drange of siek begeertes nie, tensy ons kies om dit te wees. Ons is nie geprogrammeer tot boosheid, misdade of geweld nie. Of tot slaafse gehoorsaamheid aan God nie. Een ding wat ons as mense juis onderskei van die res van die skepping is ons reg tot keuses. Ons het nie ingeplante mikroskyfies binne-in ons wat al ons gedrag reguleer en vooruit bepaal nie. Ons is morele wesens. So het God ons almal geskep. Ons is ook aanspreeklik voor Hom vir ons keuses. [Waar is jou God dan nou?](#)

Padkos Padwysers na die Tuin

'n Tuin moes God baie na aan die hart gelê het, want dit is hoe Hy die aarde geskep het - 'n tuin waar alles in volmaakte wisselwerking met mekaar was. En toe het hy die mens geskep om daar te woon as die eerste tuinier op aarde. Meer nog: hy was God se geselskap met wie hy saans in die tuin kon wandel. 'n Idilliese prentjie, inderdaad. Tog kry die mens dit reg om hierdie spogtuin met sy hemelse Besoeker te verloor en die perfekte harmonie tussen God en die skepping te bederf. Die gevolge hiervan was dat die mens uit die tuin verdryf is en sy pad met moeite en verdriet tussen die distels en die dorings moes vind. Die hunkering na hierdie volmaakte harmonie tussen Skepper en skepsel het egter in God se hart bly voortleef. Deur die geskiedenis doen God alles om Sy volk met Hom te versoen. Ons lees van Abraham wat sy seun wou slag om boetedoening te doen, maar op die nippertjie verskyn daar 'n ram in die doringbos. Toe dit lyk asof God se volk in Egipte sou vergaan, verskyn daar 'n kind in 'n mandjie op die rivier. En toe die tyd ryp was het God 'n nuwe loot kom plant: Sy eie Seun. En toe die Bose dit regkry om sy Seun te kruisig, staan Hy uit die dood uit op en blaas nuwe lewe in die skepping. En nou, na baie winters, is die mens (ten spyte van ons gebrokenheid) heraangestel as God se tuinier. Ons word opnuut draers van die lente, bloeisels wat die voorlopers is van 'n nuwe bedeling. Ons word aangestel om die aangename geur van die Evangelie te versprei en die moontlikheid op herskepping te bied, want ons is self weer gebore. Vra jou af: In watter mate is jy 'n padwyser na die Tuin? Is jy 'n vredemaker, iemand wat die tweede myl stap of iemand wat kies om slegs dood en verdriet raak te sien en jou hande te was aan hierdie tye?

Gebed: Here, die wêreld raak alhoemeer onherbergsaam vir die mens om in te woon. Ons soek ons heil in mag, rykdom en vertoon, in plaas daarvan om stil te staan en terug te kyk na 'n geskiedenis van die God wat red, die God wat liefhet en die God wat hoor. Amen

[Hennie Symington www.versndag.co.za]

kubergroete tot volgende keer

[2019-06-02]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

www.getsnapscan.com